

EERSTELING — BAKERMAT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GOUDMYNBEDRYF

J.W.N. Tempelhoff

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

sowat 25 km noordoos van Potgietersrus in Noord-Transvaal dui 'n naambord langs die N1-hoofweg die rigting na die Eersteling-goudmyn aan. Hoewel Eersteling se bekendheid met die jare gekwyn het, bly dit van besondere belang vir die geskiedenis van die goudmynbedryf in Suid-Afrika. Hier is vir die eerste keer op groot skaal goud gedelf, en voorts is dit die eerste plek waar kwartsgoud ontgin is nadat die spoelgoudneerslae uitgeput was.

Teen die einde van die sestigerjare van die vorige eeu het die noordelike deel van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat as die distrik Soutpansberg bekend gestaan het, in haglike omstandighede verkeer. In 1867 was die inwoners van Schoemansdal, die Voortrekkerdorpie aan die voet van die Soutpansberg, verplig om die gebied te ontruim as gevolg van die bedreiging deur die Vendastam van Magato (Makhato). Nie eens 'n Republikeinse mag onder leiding van kommandant-generaal Paul Kruger kon die voortbestaan van die nedersetting verseker nie.¹ Verder suid moes die Blankes ook Piet Potgietersrus (die huidige Potgietersrus) ontruim. Die kapteins Mapela en Makapaan het saamgespan om die Blanke uit te dryf.² Ook die natuurelemente het 'n bedreiging vir die gesondheid van mens en dier ingehou. Malaria en talle veesiektes soos rooiwater, swartwater en longsiekte het jaarliks baie slagoffers geëis.

Dit is dus te verstaan dat die Republikeinse burgers onder sulke omstandighede verkies het om van Soutpansberg af weg te trek en hulle in meer bewoonbare distrikte soos Pretoria, Potchefstroom en Rustenburg te vestig. Baie families het egter agtergebly. In klein groepies het hulle saamgetrek by Marabastad, Klipdam, Houtbosdorp en op die plaas van João Albasini by Piesangkop waar hulle hul in forte verskans het totdat hulle na hul plase kon terugtrek.³

Die Republikeinse regering van president M.W. Pretorius het magteloos gestaan teenoor hierdie toestand. Soutpansberg, sonder twyfel die beste jagveld en die gebied waarheen veeboere jaarliks getrek het om winterwei-

ding vir hulle vee te kry en terselfdertyd die snerpende koue op die Hoëveld vry te spring, was 'n belangrike distrik. Die gebied moes op die een of ander manier vir Blankebewoning behoue bly. Maar die staat was arm en kon nie bekostig om voortdurend militêre beskerming te voorsien nie.

'n Jaar na die ontruiming van Schoemansdal en Potgietersrus het daar egter uitkoms gekom. Die befaamde ontdekkingsreisiger, Karl Mauch, wat kort tevore die Tati-goudvelde ten noorde van die Limpoporivier ontdek het, het in 1868 verklaar dat daar in Noord- en Noordoos-Transvaal ryk goudneerslae is.⁴ Aangespoor deur Mauch se uitsprake het goudprospekteerders van heinde en ver 'n soektog na dié edel metaal regdeur die Republiek op tou gesit. Een van hulle was Edward Button, die avontuurlustige seun van 'n bekende Natalse kolonis. In 1869 en 1870 het hy saam met 'n ervare prospekteerder, James Sutherland, die Murchison- en die Sutherlandreeks in Noordoos-Transvaal ontdek.⁵ Die goudneerslae was egter nie ekonomies ontginbaar nie.

Nadat hy die ZAR deurkruis het, het Button in 1871 op Marabastad aangekom waar die gemeenskaplike veral ná die ontruiming van Schoemansdal en Potgietersrus gefloreer het. As fort het dit beskerming aan die plaaslike inwoners gebied. Daar was ook 'n paar handelaars, onder andere J. Goodwin, wat Button meegedeel het dat 'n



1. H.J. DE JAGER, Schoemansdal: verste voorpos van Boerebeskawing, *Fleur*, Mei 1948, pp.60–61; D. MÖLLER-MALAN, Die donker Soutpansberg: Ramvhoya se 'Rooimiere', *Historia* 2(1), Junie 1957, pp.49–50; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.222; A.N. PELZER, Historiese oorsig van die ontwikkeling in die distrik Zoutpansberg in F.R. TOMLINSON (red.), *Sosio-ekonomiese opname van sekere Noord-Transvaalse distrikte* (Verslag, Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, 1963), pp.23–27.
2. A.J. COMBRINK e.a. (reds.), *Eeufees Potgietersrust (1854–1954)* (Potgietersrust, 1954), p.23.
3. F.G. VAN ASTEN, *De geschiedenis van Potgietersrus en omgewing 1883–1899* (M.A., UNISA, 1955), p.10; F.J. POTGIETER, Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837–86) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 21(2), 1958, pp.67–71; H. DICKE, The Northern Transvaal Voortrekkers, *Archives Year Book for South African History* 4(1), 1941, pp.108–9; J.B. DE VAAL, Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 16(1), 1953, pp.103–4.
4. T.S. BAINES, *The gold regions of South Eastern Africa* (faksimileherdruk van die 1877-uitgawe, Buluwayo, 1968), pp.72–3; O. LETCHER, *The gold mines of Southern Africa: the history, technology and statistics of the gold industry* (Londen, 1936), pp.44–7; H. MACCONACHIE, Eersteling: where South African gold mining began, *Optima* 21(4), Desember 1971, p.185; D. MÖLLER-MALAN, Die donker Soutpansberg, *Historia* 2(2), September 1957, p.173.
5. H. MACCONACHIE, *op. cit.*, p.185; T. BAINES, *op. cit.*, pp.74–80.



Twee Swartes ry wipplank op 'n rots voorsien van 'n dwarsbalk om die gouddraende erts fyn te maal. Dié toneel is deur Thomas Baines in die jare 1872—1873 geskilder.

FOTO: PORT ELIZABETH-BIBLIOTEEK

plaaslike boer, J.F. du Preez, spore van 'n metaal wat hy gemeen het goud was, in 'n spruit op sy grond ontdek het. Du Preez het die plaas van die regering ontvang nadat hy in 1867 sy opstal by Schoemansdal moes ontruim het. Omdat dit die eerste plaas was wat hy van die staat ontvang het, het hy dit Eersteling genoem.⁶

Button het by Du Preez toestemming gekry om op die grond toetse uit te voer. Binne twee uur het hy sowat



Dié rots wat gebruik is om gouddraende erts fyn te maal, is tans in die museum van die Geologiese Opname in Pretoria.

FOTO: RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

'n drie kwart ons spoelgoud gekry.⁷ Sy vreugde was groot en dadelik het hy met Goodwin as vennoot die plaas teen 'n rekordprys van £50 (R100) van Du Preez gekoop.⁸

Dit was in Augustus 1871. Nadat Button hom vergewis het dat daar groot goudneerslae op Eersteling was, het hy twee vriende en mede-prospekteerders, W. Pigg en A.R. Ash, uitgenooi om hulle by hom aan te sluit. Die volgende maand het hy na Pretoria gereis waar hy die regering oor sy goudontdekking ingelig het.⁹ Later het hy 'n goudmonster aan die Volksraad voorgelê.¹⁰

In Oktober 1871 is 'n kommissie bestaande uit landmeter-generaal M.J.F. Forssman, J. Franck en G. Skinner na die goudveld gestuur om vas te stel of Button se bewering korrek was.¹¹ Op 11 November het hulle aan die President berig dat die goud op Eersteling nie genoeg was om ekonomies te ontgin nie. Hulle het op die plek waar Button sy eerste vonds gemaak het, gedelf, maar kon slegs een klont kry. Daar was waarskynlik kwartsgoudneerslae, maar vir die kommissie was dit te vroeg om tot 'n finale, gevolgtrekking te kom.¹² Ten spyte van hierdie negatiewe bevinding het talle prospekteerders na Eersteling

5. G.G. MUNNIK, *Memoirs of senator the hon. G.G. Munnik: covering eighty years of thrilling South African history, politics and war* (Kaapstad, s.j.), p.102.

7. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), S.S. 138, Inkomende korrespondensie van die staatssekretaris: R 1628/71 Verklaring van E. Button voor vrederegter S.J. Meintjies, 8.9.1871, p.347.

8. G.G. MUNNIK, *op. cit.*, p.102; C.L. ENGELBRECHT, *Eersteling en ons eerste goud* (Pretoria, 1980), p.5.

9. TAB, S.S. 138: R 1627/71 Button — B.C.E. Proes, Pretoria, 8.8.1871, pp.344—6.

10. TAB, S.S. 136: R 1078/71 Button — B.C.E. Proes, Marabastad, 25.9.1871, p.79.

11. H. MACCONACHIE, *op. cit.*, p.185; T. BAINES, *op. cit.*, p.80.

12. TAB, S.S. 137: R 1328/71 Verslag van kommissie, Eersteling, 11.11.1871, pp. 139—140.


gestroom nadat die nuus van Button se ontdekking bekend geword het. Teen November 1871 was daar reeds vier prospekteergeselskappe bestaande uit agt Blankes en 'n aantal Swart arbeiders besig om goud te soek.¹³

Die volgende maand was daar sowat 30 prospekteerders.¹⁴ Button was ontstoke oor hierdie toedrag van sake. Hy het by die regering gekla dat die watervoorraad nie voldoende was om uitgebreide prospektering moontlik te maak nie. Die regering moes, volgens hom, voorlopig verdere prospektering stopsit.¹⁵ Aan hierdie versoek kon nie voldoen word nie.

Die regering het ook rede tot kommer gehad. Hoewel 'n groter bevolking in Soutpansberg voordelig vir die ZAR sou wees, is daar gevrees dat dieselfde lot wat die Diamantvelde in Griekwaland-Wes 'n paar jaar tevore getref het, ook Eersteling te beurt kon val. Daar is gereken dat 'n toestroming van delwers direkte inmenging van die Britse regering tot gevolg sou hê. Mettertyd het hierdie vrees ongegrond geblyk te wees. Veral drie faktore het veroorsaak dat dit nie gebeur nie. Eerstens het baie opportunistiese delwers hulle teen 'n muur vasgeloop. Die alluviale of spoelgoudneerslae is gou uitgeput en daarna moes kwartsgoud ontgin word. Dit was 'n langsame en duur proses. Binne etlike weke na hul aankoms het baie delwers weer die goudveld verlaat.¹⁶ Teen die einde van Desember 1871 het 'n verligte Button aan die staatssekretaris N.J.R. Swart laat weet dat daar nog slegs sowat twaalf prospekteerders op Eersteling werkzaam was.¹⁷


'n Grafiese uitbeelding van Eersteling met die kraginstallasie aan die regterkant. Die werk deur 'n onbekende kunstenaar is waarskynlik in die sewentigerjare van die negentiende eeu gedoen.

FOTO: AFRICANA FOTOGRAFIESE MUSEUM, JOHANNESBURG



Mnr. A.H.G. Pigg, seun van die mynpionier William Pigg, staan op die rotsplaat waarop die gouderts fynemaal is. Die foto is in 1922 geneem.

FOTO: RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE (LÊER H.M.C. 29/7/15, p.2)



Tweedens is die Lydenburgse goudveld kort na Button se ontdekking oopgestel. Dit het ook baie meer belofte ingehou daar dit ryker aan alluviale goud was en makliker ontgin kon word.¹⁸ Dertens was baie prospekteerders maar lugtig vir die "koors" (malaria) wat Noord-Transvaal in die warm somermaande geëister het.

Intussen kon Button, Ash en Pigg ongestoord voortgaan met die ontginning van hulle "Natalia"-rif wat ryk

13. *Ibid.*, p.139.

14. T. BAINES, *op. cit.*, pp.92–93.

15. TAB, S.S. 140: R 74/72 Button — N.J.R. Swart, 15.12.1871, p.134.

16. T. BAINES, *op. cit.*, p.93.

17. TAB, S.S. 140: R59/72 Button — N.J.R. Swart, Eersteling, 24.12.1871, p.104.

18. T. BAINES, *op. cit.*, pp.144–145; D.J. PIETERSE, Die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal, 1836–1886, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 6(1), 1943, p.137.



Eersteling omstreeks 1880 deur 'n onbekende kunstenaar. Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 het die mynwerkers en hulle gesinne in die fort by Marabastad gaan skuiling soek terwyl die Boeremagte van kommandant Barend Vorster die gebied beheer het.

FOTO: AFRICANA FOTOGRAFIESE MUSEUM, JOHANNESBURG

aan gouddraende kwarts was. Die spoelgoud is aanvanklik met die hulp van die delwerspan uitgehaal. Daar is egter reeds vroeg begin om skagte van sowat ses meter diep al langs die kwartsriwwe te sink. Die gouddraende rooigrond is dan met sleesiwwe na opgedamde stroompies getrek waar dit gewas is.¹⁹ Dit was redelik maklik om die kruingoud te ontgin omdat die oorspronklike bewoners van die gebied nooit hier geprospekter het nie.²⁰ Hoe dieper hulle die skagte gegrawe het, hoe meer is werksaamhede ontwig deur onderaardse water wat in die Eerstelingvallei na aan die oppervlak lê.²¹ Dit was gou duidelik dat hulle toerusting onvoldoende was. Gevolglik het Button en Goodwin in Maart 1872 na Brittanje vertrek. Dit was hulle plan om 'n mynmaatskappy te stig sodat die nodige kapitaal vir verdere uitbreiding verkry kon word. Hulle het ook nie veel probleme gehad om die belangstelling in Brittanje te prikkel nie. Button het twee monsters van die gruis van Eersteling vir toetsing by die firma Johnson & Sons in Londen ingedien. Deur 'n onafhanklike metallurgiese toets is bevind dat die twee gruismonsters onderskeidelik 59 en 73 onse goud per ton kon oplewer.²² In 'n ommesientjie is die Transvaal Gold Mining Company Ltd. met 'n aandeelkapitaal van £50 000 gestig.

Voordat Button in Oktober 1872 uit Brittanje vertrek het, het die maatskappy reeds aandeel ter waarde van £15 000 verkoop. Van hierdie geld is gebruik om toerusting te koop. Hy het altesaam 50 kiste saam met hom na Suid-Afrika teruggebring. Daar was onder meer Aberdeen graniet wat gebruik sou word in die oprigting van 'n skoorsteen vir die kraginstallasie, 'n stoomketel, 'n twaalf-

kopstampmasjien wat na verwagting 'n ton kwarts per uur kon vergruis, en 'n paar lugdrukstampers met twaalfperdekragenjins wat tien ton kwarts binne 12 uur kon vergruis. Voorts het hy daarin geslaag om die dienste van ses ervare mynwerkers van Cornwallis te kry. Een van hulle, M. Hambly, was 'n geskoolde myningenieur.²³

Ten einde die belange van die nuutgestigte mynmaatskappy te beskerm, het Button op 28 Desember 1872 'n ooreenkoms met president T.F. Burgers aangegaan. In die konsessie wat hierna deur die staat uitgereik is, is die pligte en regte van sowel die mynmaatskappy as die staat bepaal.²⁴ In Maart die volgende jaar is die mynmaatskappy amptelik in die ZAR geregistreer.²⁵

Tydens Button se besoek aan Brittanje het Ash en Pigg voortgegaan om op die mees primitiewe manier gouderts te ontgin. Aanvanklik het hulle met handklippe die erts fyngemaal "as Kaffirs grind their snuff".²⁶ Tussen 100 en 150 lb. (45 en 68 kg) erts is weekliks so verwerk. Later het Pigg 'n groot rots, ongeveer 1,5m x 1m van 'n dwarsbalk voorsien. Swart werkers het daarop wipplank

19. T. BAINES, *op. cit.*, p.85, pp.91–92; TAB, S.S. 137: R 1328/71 Verslag van goudkommissie, Eersteling, 11.11.1871, p.139; J.P.R. WALLIS (ed.), *The northern Goldfields diaries of Thomas Baines: second journey 1871–1872, III.* (Londen, 1946), p.762.

20. H. MACCONACHIE, *op. cit.*, p.187.

21. T. BAINES, *op. cit.*, p.95.


22. *Ibid.*, p.96.

23. *Ibid.*, p.96; TAB, S.S. 150: R 1651/72 Button – president T.F. Burgers, Port Elizabeth, 7.11.1872, pp.207–208; D.J. PIETERSE, *op. cit.*, p.146; P.M. BUTTON, Birth of the Transvaal gold industry, *The State*, November 1911, p.507; F. JEPPE, *Transvaal book almanac and directory for 1877* (Pietermaritzburg, 1877), p.60.

24. D.J. PIETERSE, *op. cit.*, pp.144–145.

25. *De locale Wetten der Z.A.R. 1849–1885*, pp.482–484: (Wet no. 5/1873).

26. T. BAINES, *op. cit.*, p.95.



Na die stigting van die Transvaal Gold Mining Company Ltd. in 1872 het Edward Button die kraginstallasie op Eersteling laat bou. Die foto dateer uit die twintigerjare van hierdie eeu.

FOTO: RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHED

gery en onderaan is die kwarts fyn gemaal.²⁷ (Kyk skets.) Daar is waarskynlik drie jaar lank op hierdie wyse gewerk.

Die toerusting wat Button in Brittanje gekoop het, is per ossewa van die kus na Eersteling vervoer. Onbetroubare arbeid en rooiwater wat die trekvee geteister het, het baie verdragings meegebring.²⁸ Gevolglik kon die nuwe masjinerie eers op 7 Mei 1874, meer as sestiende maande na Button se terugkeer na Suid-Afrika, in gebruik geneem word.²⁹ Landdroos D.S. Maré van Marabastad het teen einde Mei by die delwers besoek afgelê. Hy was beïndruk met die werkverrigting van die kragtige stampers en het aan president Burgers berig dat die hoop gruis wat toe reeds gemaal was, na verwagting 50 onse goud sou oplewer.³⁰ In Augustus het Button aan Burgers geskryf dat daar tot in daardie stadium verskeie onderbrekings was as gevolg van masjinerie wat onklaar geraak het. Hy was nietemin vol vertroue dat hy binnekort 'n paar stawe goud na Pretoria sou kon stuur.³¹

Daar bestaan weinig inligting oor hoe die masjinerie aangewend is om die goud te ontgin. Dit is wel bekend dat stoom as kragbron gebruik is. Pigg en Ash het 'n 16 m-hoë skoorsteen van Aberdeengraniet opgerig wat as uitlaatpyp vir die verbrandingskamer van die stoomketel gedien het. Die lugdrukstampers is waarskynlik gebruik om die Natalia-rif los te maak terwyl die twaalfkop-stamper gebruik is om die kwarts fyn te maal. (Kyk skets van installasie.)

Dit is ook nie bekend hoeveel goud Eersteling in die vroeë jare opgelewer het nie. Op 23 Januarie 1875 berig die Transvaalse koerant *De Volksstem* dat die myn die vorige jaar 'n opbrengs van 11 665 g goud gehad het.³² By geleentheid is beweer dat die goud van Eersteling gebruik is om die bekende Burgersponte van 1874 in Brittanje te munt.³³ Of dit heeltemal waar is, is onseker. President Burgers het nooit die goudveld van Eersteling besoek nie. Hy het wel in 1873 en in Februarie 1874 die Oos-Transvaalse goudvelde van New Caledonia en Pelgrimsrus besoek, en dit het hom op die gedagte gebring om goue

ponte te laat munt. Dit is wel moontlik dat 'n gedeelte van die 266,5 onse goud wat vir die munte gebruik is van Eersteling afkomstig was.³⁴

In 1877 het Brittanje die Zuid-Afrikaansche Republiek as koloniale besitting geannekseer. Terwyl daar rustig op Eersteling voortgegaan is om goud te ontgin, het die Transvalers op vreedsame wyse ter herwinning van hulle verlore onafhanklikheid geprotesteer. Die Britse owerheid wou egter geen ag slaan op hulle eise nie en teen die einde van 1880 het die Eerste Vryheidsoorlog (1880–1881) uitgebreek. Tydens die oorlog het die mynwerkers op Eersteling na die Britse fortjie op Marabastad gevlug. 'n Boeremag onder leiding van kommandant Barend Vorster het na Eersteling opgetrek waar hulle alle yster opgesmelt het om kanonkoeëls te maak waarmee hulle die fort op Marabastad bestook het. Ook die ystergespes wat Pigg op die wipplankmaalklip gebruik het, het in die slag gebly. Met 'n span van 16 osse het hulle gepoog om die granietskoorsteen van die kraginstallasie om te trek. Die stewige toring het egter bly staan.³⁵

Mynbedrywighede is nie dadelik na die oorlog hervat nie. Eers in 1885, nadat die regering van president Paul Kruger prospektering aangemoedig het, het belangstelling weer opgevlam. Dit was egter nie meer slegs tot Eersteling beperk nie. In die omgewing van Klein Spelonken, Letaba en Pietersburg (gestig 1883) is kleims afgepen en bewerk. In 1887 is Smitsdorp, vernoem na genl. N.J. Smit van Amajubafaam, op die plaas Deelkraal geproklameer. Dit het snel ontwikkel in 'n tipiese myndorp met sy kwota fortuinsoekers wat in tente en saamgeflanse sinkhuise saamgedrom het. 'n Hotel wat 80 persone kon huisves, is deur John Duncan opgerig, terwyl twee banke en 'n aantal winkels goeie sake gedoen het. Daar is selfs 'n koerant *The Zoutpansberg Review* gepubliseer, wat later na Pietersburg verplaas is.³⁶

Die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde in 1886 het nadelig op die Soutpansbergse mynbedrywighede ingewerk. Hoewel in 1893 bevind is dat Soutpansberg reeds 9 798 onse goud opgelewer het,³⁷ was dit Johannesburg wat op die lange duur die meeste buitelandse goudsoekers sou trek.

27. *Ibid.*, p.95.

28. D.J. PIETERSE, *op. cit.*, p.147.

29. TAB, S.S. 172: R 919/74 Button — president Burgers, Eersteling, 7.5.1874, p.269.

30. TAB, S.S. 172: R 810/74 Landdroos D.S. Maré — president Burgers, Marabastad, 29.5.1874, p.7.

31. TAB, S.S. 173: R 1153/74: Button — president Burgers, Eersteling, 13.8.1874, p.269.

32. H. MACCONACHIE, *op. cit.*, p.189.

33. G.S. PRELLER, *Argonauts of the Rand: story of the discovery of the Main Reef, with the Marais-diary (1849—1865)* (Pretoria, 1935), p.19.

34. Vergelyk in hierdie verband M.S. APPELGRYN, *Die presidentskap van T.F. Burgers, 1872—1877* (D.Phil, UNISA, 1978), pp.20—27; M. ESTERHUYSEN, *South Africa's first gold coin: research on the Burgers dies and Burgerspond 1874* (Pretoria, 1976), p.1; E. LEVINE, *The coinage and counterfeits of the Zuid-Afrikaansche Republiek* (Kaapstad, 1974), pp.30—31; C.L. ENGELBRECHT, *op. cit.*, p.18.

35. J.J. OBERHOLSTER, *Die historiese monumente van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1972), pp.321—322; H. MACCONACHIE, *op. cit.*, p.189; J.H. LEHMANN, *The first Boer War* (Londen, 1972), pp.220—221.

36. A.N. PELZER, *op. cit.*, pp.25—26.

37. Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria, lêer 3/1/Pie/2: Memorandum insake Eersteling goudmyn kraginstallasie, ens., geleë op die plaas Eersteling nr. 87, distrik Pietersburg, p.35.



Op Eersteling het mynbedryghede nooit werklik tot stilstand gekom nie. Sporadiese ontginning deur mynmaatskappye soos die Transvaal Mining Company Ltd. en die Premier (Transvaal) Mining Company Ltd. het tot in die twintigste eeu plaasgevind. Individuele prospekterders het ondanks onvoldoende kapitaal en toerusting steeds vertroue in die potensiaal van Eersteling geopen-

'n Tjipiese ontginningaanleg op Eersteling in 1980. Mnr. J.H. Breytenbach, die eienaar van die kleim, is ook beesboer in Gravelot. Regs is die baliemeul wat die gruis fynmaal. Op die Jamestafel links word die goud van die gruis geskei.

baar.³⁸ Dit was ook nie ongegrond nie want in 1936 en 1948 is goudklonte met 'n massa van onderskeidelik 2 395 en 1 445 g gevind.³⁹

Met die onlangse styging in die goudprys het 'n hernude belangstelling in die potensiaal van Eersteling ontstaan. 'n Jonger geslag delwers het na die goudveld gestroom.⁴⁰ Op Eersteling is tans 'n paar prospekterings-geselskappe werksaam.

Met gesofistikeerde toerusting soos die baliemeul en die Jamestafel slaag hierdie ondernemings nog daarin om "die krummels wat die pioniers nagelaat het" met wins te ontgin, aldus mnr. Willie Boshof, 'n plaaslike prospekterder. Kompakte brandstofenjins word gebruik om die moderne goudmasjinerie aan te dryf. In uitsonderlike gevalle word van die tradisionele delwerspan gebruik gemaak, maar dié is nie 'n winsgewende metode nie.

Om goud op klein skaal te ontgin, is 'n duur onderneming. 'n Moderne installasie kos tussen R17 000 en R40 000, volgens mnr. Boshof. 'n Ander delwer, mnr.



Die spoelgoudneerslae in die Eerstelingvallei is betreklik gou na die ontdekking van die goudveld in 1871 uitgeput. Mnr. W. Boshoff, 'n plaaslike prospekterder, wys hoe die fyngoud in die delwerspanne van weleer moes vertoon het.

38. P.M. BUTTON, *op. cit.*, p.508; H. MACCONACHIE, *op. cit.*, p.190.

39. C.L. ENGELBRECHT, *op. cit.*, p.18.

40. In Junie 1980 was die skrywer lid van 'n RGN-navorsingspan wat Noord-Transvaal besoek het. Hierdie artikel is die produk van die skrywer se belangstelling in die mynwerksaamhede by Eersteling.



Voorman Joël Mojapelo staan by 'n gouddraende kwartsrif in die klein van mnr. J.H. Breytenbach.

FOTO: A.G. OBERHOLSTER



Die 16m-hoë skoorsteen van Aberdeengraniet by die ou kraginstallasie van Edward Button. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog het die Boeremagte probeer om dit met 'n span osse om te trek. Dit is in 1938 tot nasionale gedenkwaardigheid geproklameer.

FOTO: TEMPELHOFF

J.H. Breytenbach, wys daarop dat indien die goudprys van R400 per ons ('n konserwatiewe berekening) konstant bly, kan die onkoste verbonde aan 'n klein goudmyn maklik gedek word.

Sowat 500 m van waar die hedendaagse mynbedrywighede aan die gang is, is daar nog oorblyfsels van Edward Button se goudmyn, half versteek tussen Bosveldstruik en -bome. Die granietskoorsteen van die kraginstallasie staan nog. Dit is in 1938 tot nasionale historiese gedenkwaardigheid geproklameer.⁴¹ Naby die spruit is die rotsplaat waarop die kwarts met die wipplank-maalklip fyngemaal is. Ook hierdie plek is 'n historiese gedenkwaardigheid. Die maalklip is in 1922 na Pretoria geneem waar dit tans in die museum van die Geologiese Opname uitgestal word.

Of Eersteling ooit aan die verwagtings van goudsoekers voldoen het, sal waarskynlik nooit met sekerheid vasgestel kan word nie.⁴² Tog kan hierdie goudveld se historiese betekenis nouliks oorskakel word. Dit was hier waar die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf sy beslag gekry het. ■

41. J.J. OBERHOLSTER, *op. cit.*, p.322.

42. Volgens J. WILLEMSE, Die delfstowwe van die Noordelike Transvaal: distrikte Soutpansberg, Pietersburg en Potgietersrus, in F.R. TOMLINSON (red.), *op. cit.*, p.24–25, blyk dit asof die ontginning van goud op Eersteling sekere probleme bied. Ertsare hou nie aan tot groot dieptes nie en waar sulfiede van arsen en koper voorkom, is dit moeilik om die goud te ontgin.